AKADEMIA

AD FUTURUM PER FONTES

# *Stelselontwikkelaar*

PRETORIA

Akademia is 'n Christelike, klassieke en onafhanklike hoëronderwysinstelling wat verbind is tot die uitnemende opleiding en vorming van studente vanuit en vir Afrikaanse taal- en kultuurgemeenskappe. Akademia het tans 'n pos vir 'n stelselontwikkelaar in die Inligtings- en Kommunikasietegnologie-afdeling beskikbaar. Hierdie pos is in Centurion, Gauteng gesetel.

## POSDOELSTELLING

Die stelselontwikkelaar speel 'n sleutelrol in die ontwerp, ontwikkel, toets en onderhou van sagteware-oplossings wat verskillende toepassings, stelsels en databronne verbind om naatlose datavloei en funksionaliteit te verseker. Die posbekleër is hoofsaaklik verantwoordelik vir die insameling van tegniese besigheidsvereistes, die ontwerp van losgekoppelde integrasie-argitekture, die skryf en optimalisering van integrasiekode met behulp van programmeertale en wolkdienste, en die uitvoering van streng toetsing.

## VERANTWOORDELIKHEDE

- Insameling en dokumentering van tegniese integrasievereistes in samewerking met sakebelanghebbendes.
- Skep van veilige, skaalbare, losgekoppelde en betroubare integrasie-bloudrukke en -oplossings.
- Skryf, toets en ontplooi integrasiekode.
- Ontwikkel en voer toetsplanne uit om die gehalte, funksionaliteit en werkverrigting van integrasie te verseker.
- Deurlopende kontrolering van integrasie om proaktief foute te herstel.
- Verskaf deurlopende ondersteuning, herstel foute en implementeer bywerkings vir integrasie-oplossings.

## POSVEREISTES

- Kwalifikasie: BSc-graad in Rekenaarwetenskappe, Informatika, Programmering of Datawetenskappe (NKR-vlak 7)
- Minimum jare se ervaring: drie jaar

## VAARDIGHEDE

- Goeie begrip van NodeJS, AWS Lamda funksies en SQL.
- Kennis van API's (RESTful en SOAP) en API-bestuur.
- Ervaring met wolkplatforms (AWS API Gateway) en wolkdienste.
- Vertroudheid met data-integrasietegnieke en -tegnologieë (AWS EventBridge).
- Begrip van bronbeheerstelsels (bv. Github) en boustelsels.
- Kennis van Agile-ontwikkelingsmetodiek.
- Goeie tydsbestuur, sterk analitiese en probleemoplossingsvermoë.
- Vermoë om effektief met belanghebbendes en ander spanne saam te werk.
- Uitstekende kommunikasie- en interpersoonlike vaardighede.
- Vermoë om onafhanklik en as deel van 'n span te werk.
- Aanpasbaarheid om vinnig nuwe tegnologieë te leer.

**Klik hier om vir die pos aansoek te doen.** Slegs Afrikaanse CV's sal aanvaar word. **Aansoeke moet voor of op 13 Januarie 2026 ingedien word.** Stuur 'n e-pos met jou Afrikaanse CV na personeelnavrae@akademia.ac.za indien jy probleme met die skakel ervaar.

Akademia behou die reg voor om nie 'n aanstelling te maak nie. Akademia is kragtens die Wet op Hoër Onderwys 75 van 1997 by die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding geregistreer (registrasienommer: 2011/HE08/005). Akademia is deel van die Solidariteit Beweging.

Akademia-hoofkantoor, Von Willichlaan 284, Centurion // 0861 222 888 // **www.akademia.ac.za**

**Akademia MSW** (Maatskappyregistrasienommer: **2005/024616/08**) is by die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding as privaat hoëronderwysinstelling geregistreer ingevolge die Wet op Hoër Onderwys 101 van 1997, Registrasienommer: 2011/HE08/005; Direkteure: M.J. Visser (besturende direkteur), dr. D.J. Hermann, H.J. Schalekamp, P.W.A. Steyn, prof. D.P. Goosen, P.J.W. Buys en J.D. Symington.